GEREFORMEERDE KERK AKASIA

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 23
28 JUNIE 2020

PSALM 100:2

Dien die Here met Blydskap

"Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is." 1 Petrus 2:4 & 5

Lees: 1 Petrus 2:1-10
Kernverse: 1 Pet.2:4,5
Tema: Kom na Christus toe en laat jou saam met ander geestelik opbou

1. Verdrukking en verleiding ontredder Christene
2. Kom met jou hart na Christus toe
3. By Christus ons Redder is daar veiligheid en vastigheid

Sang: Ps.138:1,4; Ps.71:1; Ps.32:1; Ps.42:1,2; Ps.68:9; Ps..42:4,5

MEELEWING

♥ Flip de Beer (A4 0828914545 Klaradyn) is in die Kardiologiese Intensiewe eenheid in Eugene Marais opgeneem.
♥ Marianné Venter (D3 0679068559) verduur tans baie pyn.
♥ Ina Redelinghuys (B1 0827163609) was die week in Eugene Marais hospitaal vir 'n prosedure. Sy is intussen ontslaan en dit gaan beter. Ons dank ons Here hiervoor.

Ons bid vir almal dat ons Vader in die hemel julle in sy liefdevolle hande sal vashou.

♥ Baie geluk aan Pieter en Truleen Pretorius (A1 0798970177). Hulle seun Waldo, word hierdie naweek in Upington bevestig as predikant by die Nederduits Hervormde kerk Kuruman kombinasie. Dit is sy eerste gemeente. Mag hy God se seën en genade in sy werksaamhede as predikant ontvang.

VERJAARSDAE

29/06 Gert Nienaber	B1	0834755554
02/07 Jaco de Lange	C4	0827722184
03/07 Hugo Coetzee	A4	0763999299

ELJADA HUIS (Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont)
Dit word met leedwese bekend gemaak dat die bestuurder van Eljada Huis, Annatjie van Schalkwyk op Saterdag 20 Junie 2020 oorlede is. Haar afsterwe sal 'n leemte laat in die werksaamhede van die tehuis. Annatjie was (in samewerking met verskeie Gereformeerde gemeentes in Pretoria) die dryfveer vir baie van die aktiwiteite wat begin is om behoeftige mense te help en fondse vir die tehuis te genereer waaronder naaldwerkprojekte, die inlê en verkoop van groente ens. Haar uitgangspunt was: "Gee 'n man 'n vis en jy voed hom vir 'n dag, gee 'n man 'n visstok en jy voed hom vir 'n leeftyd." Daar word nie net kospakkies uitgedeel nie, persone word ook geestelik versterk deur daaglikse Bybelstudiebyeenkomste.
Ons vertrou dat lidmate steeds die saak sal ondersteun veral ook nou waar soveel meer werklose mense in hierdie moeilike tyd hulp nodig het.

Baie dankie aan lidmate wat die afgelope tyd broodnodige items vir behoeftige persone van Eljada Huis geskenk het. Dit word opreg waardeer. Kontak my (Franci Dreyer 082 5426369 of 012 5423562) of vir Petro by Eljada Huis, (telefoonnommers: 012 377 0503 of 079 377 5711) asseblief indien julle kan help met skenkings, (bv klere, komberse nie- bederfbare voedsel ens).

MAANDELIKSE BYDRAES

BANKREKENINGE
Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA tjek rekeningnr
0 6 0 3 4 0 8 8 9
Kode: 632005 (Pta-Noord)

DIAKONIE (Onderstand)
Diakonie Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA tjek rekeningnr
0 6 0 2 8 0 6 4 9
Kode: 632005 (Pta-Noord)

Maandelikse bydraes deur middel van EFT
***Verwysing**: Voorletters en Van sowel as Wyk nommer*

HERWINNING EN BEWARING

Deur die aarde te beskerm voldoen ons aan een van die vereistes wat God vir die mens op aarde stel naamlik om na Sy Skepping om te sien. Daar is verskeie maniere hoe ons dit kan doen op die skaal binne ons bereik en in die omgewing waarin ons leef. Deur te verminder (reduce), te weier (refuse), te hergebruik/herbenut/ (re-use), te herwin (recycle), te herstel (repair), te verhaal (recovery) ens, kan die artikels wat in ashope beland merkbaar verminder word. Almal van ons het al of kan nog baie van hierdie dinge doen om meer volhoubaar te leef as ons, ons oë oophou vir geleenthede sodat ons,ons omgewingsvoetspoor kan verklein.

Dink maar aan hoeveel gebruike daar bestaan vir iets so klein soos ‘n teesakkie. ‘n Koppie tee kan binne perke dien as geneesmiddel vol antioksidante om inflammasie te beveg, veroudering teen te werk en vel-irritasie te voorkom en dan dien dit ook nog as ‘n verfrissende (sosiale) drankie. Hoe kan die hergebruik en heraanwending van ‘n teesakkie die omgewing help? ‘n Mens kan mos meer as een koppie tee van een teesakkie maak. Het jy geweet jy kan die teesakkie ook as skoonheidsmiddel aanwend? Die gebruikte teesakkie kan op moeë oë geplaas word, en/of jou gesig kan in die water afgespoel word waarin die gebruikte teesakkie geweek is. Dit streel ook sonbrand weg. Binnenshuise potplante se blare kan met gebruikte teesakkies afgevee word. Na hierdie vele gebruike kan die teeblare nou om plante gestrooi word om groei te verbeter, grondvog te behou en peste weg te hou.

TOETS JOU BYBELKENNIS

Hier is die antwoorde op verlede week se vrae:

1. Olyfberg *(Matt 26:30)*
2. Kapernaum *(Mark 1:21)*
3. Betanië *(Luk 24:50)*
4. Jerigo *(Luk 19:1-2)*
5. Judea *(Luk 3:1)*
6. Jerusalem *(Luk 17:11)*
7. Grond van die pottebakker *(Matt 27:9-10)*
8. Patmos *(Op 1:9)*
9. Antiogië *(Hand 11:26*
10. Efese *(Hand 18:19)*

Lees:

Jona 1:1-4, 9-12, 17
&
Jona 2:1-10

Hallo aan al die katkisante en hul ouers. Ons hoop julle het die gedeeltes uit Jona gelees anders moet julle dit asseblief nou doen om die vrae te antwoord. Katkisante kan hulle eie prente teken om die gebeure voor te stel.

Vrae oor die verhaal van Jona:

* Wie was Jona?
* Wat is die werk van ‘n profeet?
* Waarom het die Here vir Jona na Ninevé gestuur?
* Waarom wil Jona nie daarheen gaan nie?
* Het Jona reg gedoen toe hy nie God se boodskap vir die mense van Ninevé moes bring nie?
* Waarheen vlug Jona?
* Wat gebeur tydens Jona se reis op die skip?
* Hoe red God vir Jona sodat hy nie verdrink nie?
* Het Jona toe na Ninevé gegaan?
* Wat is die boodskap wat Jona moes oordra?
* Wat het gebeur met die mense van Ninevé toe hulle God se boodskap hoor?

Die verhaal van Jona speel honderde kilometers vér van Israel af in ‘n gebied wat vandag bekend staan as Irak. Die boek Jona self sê nie wanneer dit geskryf is nie. Die oorspronklike taalgebruik dui daarop dat dit êrens tussen 500 – 300 vC geskryf kon gewees het.
Jona se volle naam was **Jona ben Amittai** en hy was ‘n profeet**.** ‘n Profeet is iemand wat God se boodskappe vir mense oordra.
Ninevé was ‘n baie groot stad langs die Tigris rivier. Die stad was so groot dat dit ‘n mens 3 dae gevat het om deur dit te stap.
Die mense van Ninevé was wreed en het baie verkeerde dinge gedoen. God wou die mense van Ninevé waarsku dat hulle moes ophou om verkeerde dinge te doen.
Hy stuur ‘n boodskapper na Ninevé. Die boodskapper is die profeet Jona.

Jona hou niks van die mense van Ninevé nie en wil nie vir hulle God se boodskap bring nie.
Hy is ongehoorsaam en vlug heeltemal in ‘n ander rigting. ‘n Deel van sy reis is op see.
Die Here laat ‘n groot storm uitbreek met reuse golwe en sterk winde. Die matrose gooi Jona van die skip af en die storm hou op. Die Here stuur ‘n groot vis om Jona in te sluk en later weer op die land uit te spoeg.
Jona bid baie ernstig terwyl hy binne in die vis is. God spaar sy lewe en stuur nou weer vir Jona na Ninevé. Daar aangekom, kondig Jona aan dat Ninevé binne 40 dae verwoes sal word. Die mense van Ninevé luister na God se boodskap en hou op om verkeerd te lewe.

Die verhaal wys dat God se genade baie groot is. Hy sien hoe mense verkeerd doen en stuur Jona om hulle te waarsku. Jona is ongehoorsaam en vlug, maar God laat hom omdraai om die boodskap te bring. Die mense van Ninevé bekeer hulle. God betoon ook genade aan Jona en keer dat hy nie verdrink nie.
Ons wil ook soms nie doen wat God van ons vra nie. Ons is partykeer ongehoorsaam. Ons moet ook soos Jona ernstig bid dat God ons sal vergewe as ons ongehoorsaam is en verkeerde dinge doen. So ‘n gebed moet altyd ook saamgaan met opregte berou oor ons ongehoorsaamheid en ons wil om God gehoorsaam te wees. God is genadig en sal ons wat in Jesus Christus glo en Hom in ons lewens volg, vergewe.

HOE DIE *APOSTELS GESTERF* HET (Deel 2)

JUDAS*:* (Taddeus) Hy het op sy sendingreis as martelaar in Persië gesterf. Godsdienstige Oosterse leiers het hom met ‘n byl doodgekap.

ANDREAS: Hy is in Griekeland gekruisig. Madat hy gegesel is, is sy liggaam aan ‘n kruis vasgemaak. Hy het vir sy martelaars bly preek totdat hy nà twee dae gesterf het.

JAKOBUS seun van Sebedeus: Hy was bekends as een van die “Seuns van die Donder”. Hy het in Spanje geëevangeliseer. Hy is deur Herodus Agrippa onthoof.

BARTOLOMEUS: Hy het ook as Nataniël bekend gestaan en was ’n sendeling in Asië (waar Turkye vandag is). Hy is in Armenië gemartel en tot die dood toe gegesel.

TOMAS: Ook bekend as “Ongelowige Tomas”. Tydens een van sy sendingreise na Indië, waar hy ‘n kerk gestig het, is hy met spiese doodgesteek.

JUDAS ISKARIOT: Nadat hy vir Jesus verraai het, het hy selfmoord gepleeg.

Hoewel Paulus, Lukas en Markus nie amptelik deel van die oorspronklike 12 apostels was nie (Matt 10:1-4; Luk 6:12-16), is hulle invloed in die Bybel van groot belang.

PAULUS: Hy het gedurende sy leeftyd gevangenisskap, aanrandings en skipbreuk deurgemaak. Hy is gemartel en toe deur keiser Nero van Rome in 67 n.C onthoof.

LUKAS: Hy was ‘n Grieksprekende mediese dokter en is in Griekeland gehang juis omdat hy onophoudelik die Evangelie verkondig het.

MARKUS: hy was stigter van die kerk in Alexandrië in Egipte. Hy het toe ook daar gesterf nadat hy met perde deur die strate gesleep is. *(Juig! Mei 2020)*

BEROEPE VAN DIE APOSTELS

Jakobus, Johannes, Simon (Petrus), Andreas en Filippus was almal vissermanne van beroep. Matteus was ‘n belastingagent (tollenaar). Bartolomeus, Tomas, Jakobus, Taddeus, Simon die Seloot en Judas Iskariot se beroepe is onbekend. (*Bybel in Praktyk)*